

## **Installasie ooreenkoms**

Dit is die verantwoordelikheid van die klant om 'n SIM-kaart vir elke installasie te voorsien. Die SIM-kaart moet op die klant se besonderhede ge"RICA" word en kan WS Elektronika ongelukkig nie die SIM-kaarte voorsien nie. WS Elektronika sal aan die begin R12 op elke SIM-kaart laai om die opstelling van die stelsel te doen en behou dus die reg voor om gemelde lugtyd hiervoor te gebruik.

Instandhouding van lugtyd, sms bondels ens. op SIM-kaarte wat nodig is vir stelsels om reg te werk sal die verantwoordelikheid van die klant wees. WS Elektronika sal die instandhouding behartig teen 'n maandelikse fooi. U kan hieroor navrae doen indien u so 'n diens verlang. WS Elektronika kan nie verantwoordelik gehou word as stelsels nie reg reageer weens 'n lugtyd tekort nie.

Enige foute wat ooit opduik, moet dadelik aangemeld word, sodat WS Elektronika dit dadelik kan ondersoek en aanspreek.

WS Elektronika onderneem om te sorg dat die installasies reg werk, maar kan nie instaan vir skade aan die stelsels weens weerlig, water, chemikalieë, kortsluitings, verkeerde toevoerspanning en/of die gebruik van produk in enige toestand of toepassing waarvoor die produk nie ontwerp of bedoel is nie. Indien daar bevind word dat 'n fout aan hierdie faktore toe te skryf is, sal normale arbeid- en reiskostes geld wanneer herstelling gedoen is.

WS Elektronika aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige vorm van skade wat deur die installasies veroorsaak word nie.

Indien die sein te swak is vir stelsels om na wense te werk, kan 'n bykomende antenna geïnstalleer word teen 'n fooi soos afgespreek, omdat pryse wissel. Klante is welkom om navrae te doen oor wat sodanige kostes sal behels.

Klante word versoek om so spoedig moontlik na afhandeling van installasies te help, waar nodig, om die funksies van die stelsel te toets ten einde te bevestig dat alles na wense werk.